basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING BESLUIT OM GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROGRAMME GEDURENDE DIE 1970's IN TE STEL?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem enige DRIE Swartbewussynsorganisasies waarby Steve Biko aktief betrokke was. (3 x 1) (3)

1.1.2 Verduidelik die rolle wat dr. Mamphela Ramphele by die Zanempilo-gesondheidskliniek gespeel het. (2 x 2) (4)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op die invloed wat Steve Biko op die Swartbewussynsbeweging gehad het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bewyse in die bron, was die doelstellings van die filosofie van Swart Bewussyn? (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik die stelling 'die sentrum [Zanempilo] was nie slegs 'n gesondheidsfasiliteit nie'. (2 x 2) (4)

1.2.3 Waarom, volgens die inligting in die bron, is die Solempilo-projek beëindig? (1 x 2) (2)

1.2.4 Noem die DRIE projekte waaraan dr. Ramphele se Isutheng-gemeenskapsgesondheidsprogram wou hê die gemeenskap van Tzaneen moes deelneem. (3 x 1) (3)

1.3 Vergelyk Bron 1A met 1B. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun met betrekking tot swart gemeenskapsprojekte. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1C.

1.4.1 Identifiseer die gemeenskapsprojek wat in die foto getoon word. (1 x 1) (1)

1.4.2 Verduidelik op watter maniere hierdie gemeenskaps-gesondheidsentrum na jou mening die filosofie van Swart Bewussyn gesteun het. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Wat was die hoofdoelstellings van die gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte? (3 x 1) (3)

1.5.2 Lewer kommentaar op hoe die apartheidsregering probeer het om swart Suid-Afrikaners te 'verdeel'. (2 x 2) (4)

1.5.3 Verduidelik die bruikbaarheid van die bewyse in die bron vir 'n historikus wat swart Suid-Afrikaners se betrokkenheid by gemeenskapsprojekte bestudeer. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Swartbewussynsbeweging besluit het om gemeenskaps-gebaseerde programme in die 1970's in te stel. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIE (VERGOEDING) HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Watter TWEE boodskappe oor die proses van reparasie het Dullah Omar aan die Suid-Afrikaanse publiek oorgedra? (2 x 1) (2)

2.1.2 Definieer die term *reparasie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem enige TWEE aanbevelings wat die WVK voorgestel het met betrekking tot die proses van reparasie. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik of die WVK se aanbeveling vir 'n nasionale herdenkingsdag vir gevalle helde en gebeurtenisse geïmplementeer is. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, was daar 'n toename in mediadekking van die WVK? (1 x 2) (2)

2.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat slagoffers van menseregteskendings 'aan die kortste ent getrek het'. (1 x 1) (1)

2.2.3 Noem die DRIE internasionale organisasies wat die proses van reparasie ondersteun het. (3 x 1) (3)

2.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die bewyse in hierdie bron vir 'n historikus wat die WVK se proses van reparasie navors. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2A en 2B. Hoe verskil die inligting in Bron 2A van die bewyse in Bron 2B met betrekking tot die reparasieproses? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit beide bronne. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2C.

2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprent met betrekking tot 'REPARASIE' oordra. (2 x 2) (4)

2.4.2 Gebruik die visuele leidrade in die spotprent en verduidelik hoe die volgende uitgebeeld word:

(a) Regering (1 x 2) (2)

(b) Slagoffers (1 x 2) (2)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Wat, volgens die bron, was die WVK se grootste mislukking? (1 x 2) (2)

2.5.2 Verduidelik waarom WVK-kommissaris Yasmin Sooka 'woedend gereageer' het op die stelling dat daar baie 'toneelspelers' onder die slagoffers was wat voor die WVK getuig het. (2 x 2) (4)

2.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die verskille tussen *herstellende geregtigheid* en *vergeldende geregtigheid*. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die WVK die proses van reparasie hanteer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WAAROM IS SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP VAN DIE BRICS-GROEP AS OMSTREDE BESKOU?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, is Suid-Afrika genooi om 'n lid van die BRICS-groep te word? (2 x 1) (2)

3.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom China as die mees dominante lid van die BRICS-groep beskou is. (2 x 2) (4)

3.1.3 Waarom, volgens die bron, het China Suid-Afrika as 'n 'aantreklike land' beskou? (2 x 1) (2)

3.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop wys dat Suid-Afrika se insluiting by BRICS as omstrede beskou is. (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Noem enige DRIE lande wat die BRICS-beraad in New Delhi bygewoon het. (3 x 1) (3)

3.2.2 Beskryf die gemoedstemming van die BRICS-groep soos uitgebeeld in die spotprent. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lewer kommentaar op die woorde in die spotprent: 'ONS HET GEMEENSKAPLIKE TERREIN VIR 'N MULTI-POLÊRE WÊRELD GEVIND' in die konteks van die BRICS-beraad wat in New Delhi gehou is. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Waarom was O'Neill nie ten gunste van Suid-Afrika se lidmaatskap van BRICS nie? (2 x 2) (4)

3.3.2 Watter TWEE lande in die BRICS-groep het volgens die bron die grootste ekonomieë in die wêreld? (2 x 1) (2)

3.3.3 Noem TWEE faktore wat moontlik daartoe bygedra het dat Suid-Afrika se ekonomie buite 'Goldman Sachs se spektrum van groeiende markte val'. (2 x 1) (2)

3.3.4 Verduidelik of jy saamstem met O'Neill se siening dat Suid-Afrika nie in die BRICS-groep hoort nie. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Lewer kommentaar op hoe Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS-groep as voordelig vir die ontwikkeling van Afrika beskou kan word. (2 x 2) (4)

3.4.2 Watter land was Afrika se grootste handelsvennoot? (1 x 1) (1)

3.4.3 Verduidelik tot watter mate jy dink Afrika bevoordeel is deur die handelsbetrekkinge met die BRICS-groep. Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

3.4.4 Beskryf die maniere waarop daar van die BRICS-groep verwag is om tot vredesinisiatiewe in Afrika by te dra. (1 x 2) (2)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS-groep as omstrede beskou is. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

PW Botha se strategieë om apartheid te verander en hervorm is met toenemende verset begroet.

Assesseer die geldigheid van hierdie stelling in die konteks van die verskerpte interne verset in die 1980's in Suid-Afrika. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate die proses van onderhandeling die weg gebaan het vir Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Die afbreek van die Berlynse Muur in 1989 was grootliks verantwoordelik vir die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Bespreek hierdie stelling krities. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: WAAROM HET DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING BESLUIT OM GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROGRAMME GEDURENDE DIE 1970's IN TE STEL?

## BRON 1A

Die uittreksel hieronder fokus op Stephen Bantu Biko se rol in die stigting van Swartbewussynsgeïnspireerde organisasies gedurende die 1970's.

… Biko se vroeë skryfwerk wys daarop dat hy teen hierdie tyd 'n stel idees uitgewerk het waaruit die Swartbewussynsteorie later sou ontwikkel.

Die eerste organisasie wat Biko gestig het, was die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) in Julie 1969. Hy is as die eerste president verkies. Hy het ook 'n belangrike rol gespeel in ander organisasies wat onder invloed van Swartbewussyn tot stand gekom het, waaronder die Swartmense se Konvensie (BPC), Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASM) en die Nasionale Jeugorganisasie (NAYO). Projekte het die Swartgemeenskapsprogram, vir wie Biko in die vroeë 1970's gewerk het, en Zanempilo, 'n gesondheidsfasiliteit buite King William's Town, ingesluit. Die kliniek, waar dr. Mamphela Ramphele as huisdokter gewerk het, was 'n projek wat deur Swartbewussyn geïnspireer is.

Na Biko se verbanning in 1973 het die Swartgemeenskapsprogram aangehou om hom te ondersteun. Sy inperkingsbevel het tot sy arrestasie in 1977 gegeld. Selfs tydens sy verbanning het hy die organisasies wat hy gestig het, gedien en bevorder. Tot sy dood in polisie-aanhouding in 1977 het hy die leier gebly van die Swartbewussynsbeweging wat hy help stig het.

[Uit *New History* deur H Gilomee et al. 2010]

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder fokus op verskillende gemeenskapsprojekte wat as gevolg van die invloed van die filosofie van Swart Bewussyn begin is.

… hoofsaaklik om [die] probleem te beantwoord ... dat die swart man 'n verslane wese is wat dit baie moeilik vind om homself reg te ruk. Hy is vervreem (onstabiel) ... Hy word gedwing om heeltyd bekommerd te wees oor sy voortbestaan, bekommernis oor die dag van môre ... Ons het gevoel dat ons moet probeer om dié soort houding te vernietig en opnuut 'n gevoel van waardigheid by die swart man vestig. Wat ons dus gedoen het, was om verskillende soorte programme te ontwerp, dit aan die swart gemeenskap voor te lê met 'n duidelike boodskap dat dit deur swart mense gedoen word met die uitsluitlike doel om die swart gemeenskap op te hef. Ons het geglo dat ons mense by wyse van voorbeeld sou leer.

Een van die blywende (wat langer gehou het) strukture wat as 'n Swartgemeenskapsprogram (BCP)-inisiatief gevestig is, was die Zanempilo-gemeenskaps-gesondheidsentrum met Ramphele as die dryfkrag. Dit was 10 km buite King William's Town in Zinyoka geleë, en is in Januarie 1975 geopen. Dit was een van die eerste primêre gesondheidsorg-inisiatiewe buite die openbare sektor in Suid-Afrika en het broodnodige gemeenskapsgesondheidsleer verskaf. Die sentrum was egter nie slegs 'n gesondheidsfasiliteit nie; dit het 'n bymekaarkomplek en opleidingsterrein vir aktiviste geword, 'n plek waar die gemeenskap kon vergader om sake te bespreek, maar ook 'n plek vir blydskap en feesviering, 'n voorbeeld van die gemeenskapslewe waarvan Biko en Pityana gepraat het.

Die sukses van die Zanempilo-projek het tot 'n soortgelyke instelling, Solempilo (Eye of Health), aan die Suidkus van Natal gelei, maar die verbanning van die Swartbewussynsorganisasies in 1977 het die projek beëindig.

Toe Ramphele in 1977 verban en tot Tzaneen, Noord-Transvaal ingeperk is, het sy die Isutheng-gemeenskapsgesondheidsprogram met geld van die BPC gestig. Deur Isutheng het sy begin om vroue te bemagtig en hulle aangemoedig om met groentetuine en ander ekonomiese inisiatiewe te begin. Byna al hierdie BPC-gesondheidsprojekte was op kerkgrond.

[Uit http://www.sahistory.org.za/topic/black-community-programmes-bcp.
Toegang verkry op 22 Februarie 2015.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1C**

Hierdie foto toon die Zanempilo-kliniek wat in Zinyoka, 'n dorpie 10 km buite King William's Town, geleë is. Dit was 'n projek wat in Januarie 1975 deur die Swartmense se Konvensie (BPC) begin is.




Uit http://www.unisa.ac.za/news/index.php/2014/09/bikos-legacy-lives-on/.
Toegang verkry op 3 Februarie 2015.]

PROVINCIAL ADMINISTRATION: EASTERN CAPE

IPHONDO LEMPUMA-KOLONI

DEPARTMENT OF HEALTH

ISEBE LEMPILO

ZANEMPILO CLINIC
IKLINIKI

**BRON 1D**

Die uittreksel hieronder fokus op sommige van die redes waarom swart Suid-Afrikaners onwillig was om by gemeenskapsontwikkelingsprogramme betrokke te raak wat deur die Swartmense se Konvensie (BPC) begin is.

Die hoofdoelstellings van ons gemeenskapsontwikkelingsprojekte is dus om by ons mense 'n gevoel van selfstandigheid, inisiatief en solidariteit in te skerp wat belangrik is in ons stryd om onsself van wit rassisme, kapitalisme, kolonialisme en sielkundige knegskap (geestelike slawerny) te bevry wat gedurende al hierdie eeue van koloniale verswakking by ons ingeprent is.

'n Mens moet egter ook geduldig wees wanneer jy betrokke is by gemeenskapsontwikkeling wat te doen het met die skep van 'n bewustheid en politieke bewusmaking. 'n Mens moet nooit aanvaar dat dit maklik is om sielkundige sienswyses, wat die verdrukker eeue geneem het om te kweek, uit te roei nie.

... Een van die lelikste aspekte van verdrukking is waarskynlik dat die verdrukker sistematies betekenisvolle kommunikasie onder die verdruktes afsny. Dit is in werklikheid een van die belangrikste aspekte van die verdrukker se strategie om die verdruktes verdeeld te hou en om geen kommunikasie tussen hulle toe te laat nie sodat hulle nie teen hom kan saamsweer nie.

Dus word polisieteistering, intimidasie, inperkingsbevele en ander metodes gebruik om dit vir die verdruktes moeilik te maak om hulself te organiseer. 'n Mens moet gedurig teen vrees baklei, wat 'n alomteenwoordige faktor in die swart gemeenskap is en selfs die ywerigste ondersteuners van Swart Bewussyn teister.

Dit is vrees gegrond op die werklikheid van die situasie – vrees om jou op Robbeneiland te bevind of om verban te word – wat aanleiding gegee het tot die verskriklike stilte in die swart gemeenskap in Suid-Afrika. Die regime mors nie tyd met die handhawing en voortbestaan van hierdie vrees ten einde die status quo (bestaande toestand) te behou en te handhaaf nie. Inteendeel, al die faktore wat hierdie endemiese vrees in ons gemeenskap skep, het 'n integrale deel van die hele gemeenskapstruktuur in Suid-Afrika geword.

[Uit *The Meaning of Black Consciousness in the Struggle for Liberation in South Africa,* 'n referaat geskryf deur R Nengwekhulu, SA History Online]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIE (VERGOEDING) HANTEER?**

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel is 'n toespraak wat Dullah Omar, gewese Minister van Justisie, op 25 Februarie 1999 in die Parlement gelewer het. Dit fokus op die Suid-Afrikaanse regering se besluit oor hoe die kwessie van reparasie vir slagoffers wat ná 1960 menseregteskending ervaar het, te hanteer.

Ons erken die pyn en lyding van Suid-Afrika se tallose slagoffers. Ons is jammer. Ons sal doen wat ons kan om hulle wonde, die wonde van hul gemeenskappe en die wonde van die nasie te genees. Ons sal doen wat ons kan om hulle waardigheid, dié van die gemeenskap en dié van die nasie te herstel. Ons sal doen wat ons kan om 'n raamwerk vir reparasie (vergoeding) te verskaf, 'n veelvlakkige raamwerk wat een of ander vorm van geldelike vergoeding, gemeenskapsgebaseerde vergoeding, simboliese vergoeding, wetlike en administratiewe maatreëls en diensverskaffing sal insluit. Maar ons sal ook in gedagte hou dat ons dapper seuns en dogters nie aan die stryd deelgeneem en hulle lewens geoffer het vir geldelike vergoeding nie ...

Die WVK het, met betrekking tot reparasie en rehabilitasie, aanbeveel dat 'n struktuur in die President se kantoor geskep moet word, met 'n beperkte sekretariaat en vasgestelde tydsduur. Sy funksies sal wees om reparasie- en rehabilitasie-beleidsvoorstelle en aanbevelings te implementeer, om meganismes (prosessering) vir geldelike vergoeding te fasiliteer, om doodsertifikate uit te reik, om opgrawings en begrafnisse te bespoedig, om kwessies van verklarings van sterftes te fasiliteer in gevalle waar familielede dit aanvra, om die uitwissing van kriminele rekords te fasiliteer, om die beslissing van uitstaande wetlike sake te fasiliteer, om die herbenoeming van strate en gemeenskapsgeriewe te fasiliteer, om persone of betekenisvolle gebeurtenisse te onthou of vereer en om monumente en gedenkstene op te rig. Die kommissie sê verder dat daar 'n nasionale herdenkingsdag moet wees.

Ons beveel aan dat 'n oordrewe konsentrasie op individuele geldelike toelaes in relatief groot bedrae nie aangemoedig moet word nie. Dit skep valse verwagtinge. Terselfdertyd kan geldelike toekennings nie uitgesluit word nie of dit mag verskillende vorms aanneem, byvoorbeeld spesiale pensioene.

[Uit *Truth and Reconciliation in South Africa the Fundamental Documents* deur E Doxtader en PJ Salazar]

**BRON 2B**

Hierdie artikel deur B Hamber en B Dishington fokus op reaksies op die Waarheids-en-Versoeningskommissie se reparasiebeleid.

Die afgelope paar weke was daar 'n stortvloed van mediaberigte oor die Waarheids-en-Versoeningskommissie se reparasie (vergoedings)-beleid. Slagoffers wat voor die WVK getuig het, beskuldig die regering daarvan dat hulle te stadig op die WVK se aanbevelings reageer. Die regering beskuldig die WVK daarvan dat hulle nie al die geld bestee wat aan die reparasiebegroting toegeken is nie. Op sy beurt beskuldig die WVK die regering daarvan dat hulle nie dadelik op sy aanbevelings reageer nie.


Hoe jy ook al na die saak kyk, die slagoffers trek aan die kortste ent. Hulle is geviktimiseer deur dit wat in die verlede met hulle gebeur het en moes toekyk hoe oortreders amnestie kry. Hulle het twee en 'n half jaar vir sogenaamde dringende tussentydse betalings gewag, wat gemiddeld 'n bietjie meer as R3 500 beloop het vir oortredings soos moord en verkragting. Om sake te vererger, wag die WVK se langtermyn-vergoedingsaanbevelings, wat in Oktober 1998 voorgelê is, steeds op indringende besprekings wat verder as politieke afknouery strek om praktiese (moontlike) oplossings te vind. Die reg op vergoeding vir onregmatige dade is lankal reeds as 'n fundamentele regsbeginsel erken en is onontbeerlik vir die funksionering van regstelsels.

Reparasie word onder internasionale verdrae en gewoontereg erken in besluite deur die Verenigde Nasies se Menseregtekomitee, die Inter-Amerikaanse Hof van Menseregte, die Europese Hof van Menseregte en Nasionale Reg en Praktyk, asook in verskeie ander internasionale verdrae. Onlangse verwikkelinge dui daarop dat vergoeding eersdaags 'n internasionale maatstaf sal wees en nie net 'n beginsel nie. Daarom, indien vergoeding nie oor lang termyn aan slagoffers toegestaan word nie, en kom ons hoop dat dit nie die geval is nie, kan dit dalk vir hulle moontlik wees om te toets of dit strydig is met Suid-Afrika se internasionale verpligtinge.

[Uit *Sunday Independent*, 25 Junie 2000]

**BRON 2C**

Die spotprent deur Zapiro beeld die uitdagings uit wat die WVK in die gesig gestaar het rakende die proses van reparasie (vergoeding).




[Uit *The Sowetan*, 9 Junie 2000]

**BRON 2D**

Die volgende uittreksel deur A Krog kritiseer die WVK se reparasieproses.

Die WVK het erken dat vergoeding vir traumaslagoffers een van sy grootste mislukkings was. Byna sewe jaar ná die eerste getuienis het slagoffers nog niks ontvang nie. In teenstelling hiermee is amnestie wat toegestaan of geweier is, onmiddellik van krag. Die Regering het in soveel woorde gesê dat alle swart mense onder apartheid gely het en om vergoeding aan so min (sewentienduisend) slagoffers te betaal, onregverdig sal wees. Hulle het ook gesê dat niemand apartheid teengestaan het met die idee om geldelike vergoeding te ontvang nie; en nog erger, 'n kabinetsminister het gesuggereer dat daar baie 'toneelspelers' was onder die slagoffers wat getuig het. Kommissaris Yasmin Sooka het woedend op hierdie uitlatings gereageer.

Toe ons land besluit het dat ons die Waarheidskommissie-roete sou volg, het ons aanvaar dat ons 'n model van herstellende geregtigheid eerder as een van vergeldende geregtigheid sou nastreef ... Hierdie idee van herstellende geregtigheid is in die gedrang. Dit word bedreig deur ons onvermoë om die materiële omstandighede van diegene te verander wat na vore gekom het om hul stories te kom vertel ... Sooka het ook daarop gewys dat die Konstitusionele Hof bepaal het dat amnestie net moontlik was as gevolg van die verbintenis tot reparasie. Slagoffers het nou die reg om hulle tot die hof te wend om die toestaan van amnestie ter syde te stel. Dit sal 'n tragedie wees indien die brose vrede wat ons ondervind, in onrus gedompel word ...

[Uit *Country of My Skull* deur A Krog]

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: WAAROM IS SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP VAN DIE BRICS-GROEP AS OMSTREDE BESKOU?**

**BRON 3A**

Hierdie uittreksel is uit 'n kwartaalbulletin geneem wat in 2013 deur die Gautengse Provinsiale Tesourie gepubliseer is. Dit beklemtoon die redes vir Suid-Afrika se insluiting by die BRICS-groep.

Suid-Afrika se insluiting by die BRICS-groep volg op 'n versoek deur dié land om by die groep aan te sluit en ook verskeie staatsbesoeke deur die Suid-Afrikaanse President aan die lande in 2010. Die land is om verskeie redes genooi om by die groep aan te sluit, onder andere dat dit die grootste ekonomie in sub-Sahara-Afrika (SSA) het en die feit dat dit vir ongeveer 'n derde van die gebied se BBP (bruto binnelandse produk) verantwoordelik is ...

Die land word ook gesien as een wat 'n invloed op die res van die kontinent het. Dit 'verteenwoordig' nie letterlik ander Afrikalande nie, maar dit het dieselfde probleme as ander SSA-lande, soos ongelyke inkomste, armoede en werkloosheid. Suid-Afrika se insluiting sal aan BRICS-lede beter toegang tot 'n baie groot verbruikersbasis op die Afrika-kontinent bied asook mineraalbronne, wat olie en platinum insluit. Volgens Global Sherpa is Suid-Afrika ook die mees ontwikkelde land in SSA en dien as deurgangsroete na Afrika.


Veral China, wat as die mees dominante lid van die BRICS-groep beskou word, beskou Suid-Afrika as 'n aantreklike land as gevolg van die groot aantal verbruikers, van wie baie betreklik ryk is. Die land het ook die grootste energieproduksie-kapasiteit en is ook die grootste produsent van edelmetale, soos goud en platinum. Beide hierdie kenmerke is aantreklik vir Chinese beleggings en handelsbelange. China het groot finansiële belange in die land, hoofsaaklik in die bankwese, infrastruktuur, mynbou, vervoer en hernubare energie. Volgens Gateway House het die Industriële Kommersiële Bank van China (IKBC) 'n 20%-aandeel (VS$4,7 miljard) in Standard Bank, een van Suid-Afrika se grootste banke ...

Suid-Afrika se insluiting by die BRICS-groep het gemengde reaksies ontlok. Sommige kritici voel dat ander ontluikende ekonomieë met 'n vinniger ekonomiese groei as Suid-Afrika ingesluit kon word, omdat 'vinnige ekonomiese groei' 'n gemeenskaplike faktor binne die groep is.

[Uit http://www.treasury.gpg.gov.za/...south%20africa%position%20in%20BRICS. Toegang verkry op 20 Februarie 2015.]

**BRON 3B**

Die spotprent deur P Nath het op 30 Maart 2012 in die *The Khaleej Times* (Verenigde Arabiese Emirate) verskyn. Dit beeld die leiers van Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika uit wat die vierde BRICS-beraad bygewoon het.




**BRICS-beraad New Delhi**

**BRASILIË, RUSLAND, INDIË, CHINA, SUID-AFRIKA**

**Ons het gemeenskaplike terrein vir 'n multipolêre wêreld gevind.**

[Uit http://www.cagle.com/tag/alliance/page/7/. Toegang verkry op 28 Februarie 2015.]

**BRON 3C**

Hierdie is 'n gedeelte van 'n geskrewe onderhoud wat S Naidoo vir die *Mail and Guardian* met J O'Neill, wêreldvoorsitter van Goldman Sachs Asset Management, gevoer het oor Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS-groep.

Indien die argument is dat Suid-Afrika se insluiting by BRICS die gevolg van sy invloed op die res van die Afrikakontinent is, dan is dit 'n verkeerde een. 'Suid-Afrika ly reeds verliese op beleggings aan ander opkomende ekonomiese sterre op die kontinent. Lande soos Nigerië is tans meer invloedryk,' het hy gesê. 'Kyk net wat in die Afrika-unie gebeur. Afgesien van sy gesonde fiskale (belasting) en finansiële stelsels, kan Suid-Afrika nie meer daarop aanspraak maak dat hy die supermoondheid op die kontinent is nie.'

Alhoewel die Suid-Afrikaanse owerheid en BRICS-aanhangers hieroor sal verskil en Suid-Afrika se posisie in die groep heftig sal verdedig, bevestig die statistiek die beleggingsbankier se argument. Twee van die BRICS-lande is nou onder die ses grootste ekonomieë in die wêreld. Verlede jaar het China vir Japan verbygesteek om die tweede grootste ekonomie in die wêreld te word, vyf jaar vroeër as wat O'Neill voorspel het. Die Chinese ekonomie staan nou op ongeveer $5,9 triljoen.

Net so het Brasilië drie weke gelede die Verenigde Koninkryk (VK) as die sesde grootste ekonomie verbygesteek, ongeveer 10 jaar gouer as wat geprojekteer is. Die Internasionale Monetêre Fonds se syfers het Brasilië se ekonomie op ongeveer $2,52 triljoen beraam en dié van die VK op $2,48 triljoen. Indië en Rusland lê net buite die top 10, maar O'Neill glo dat hulle waarskynlik vinnig die leer gaan klim. 'Soos wat ons deur die dekade kruip, sal hulle aandeel van die wêreld-BBP waarskynlik styg,' het hy gesê ...

Suid-Afrika, aan die ander kant, is nie eers naby die top 20 grootste ekonomieë nie. Met 'n bevolking van net meer as 50 miljoen en 'n BBP van $364 miljard (biljoen) is dit net te klein om binne Goldman Sachs se spektrum van groeiende markte te val. 'Om die waarheid te sê, Suid-Afrika is 'n las op die dinamika van die BRICS-groep,' het O'Neill gesê.

[Uit *Mail & Guardian*, 23 Maart 2012]

**BRON 3D**

Hierdie bron is in 2012 deur W Yong namens die Suid-Afrikaanse Instituut van Internasionale Sake geskryf. Hy steun Suid-Afrika se rol in die BRICS-groep.

Suid-Afrika het die potensiaal om 'n leidende rol in die opstel van die agenda oor Afrika te speel. Dit kan die BRICS gebruik om Afrika se stem beter te verteenwoordig, en deur Suid-Afrika se rol kan BRICS-lande beter na Afrika luister. Met Suid-Afrika wat 'n leidende rol speel, kan die BRICS (groep) wyer steun bied aan aanbevelings deur Afrikalande oor sake soos die hervorming van die Verenigde Nasies, globale finansiële en ontwikkelingsinstellings, die wêreldhandelstelsel en Afrika se programme vir volhoubare ontwikkeling.

Van groter belang is dat daar van die BRICS-lande verwag word om meer tot die ekonomiese ontwikkeling van Afrika by te dra deur hulle Afrika-agenda te ontwikkel. Chinese kundiges wys daarop dat Afrika se handel met BRICS-lande vinnig toeneem. Afrika se buitelandse handel het van 4,6% in 1993 tot 19% in 2009 gegroei, wat 'n handelsoorskot van $20,2 miljard vir Afrika tot gevolg gehad het. China is Afrika se grootste handelsvennoot en is verantwoordelik vir twee derdes van die BRICS-lande se handel met Afrika. Volgens 'n ontleding deur Standard Bank van Suid-Afrika, sal die BRICS-lande se totale handel met Afrika teen 2030, $400 miljard beloop. Om te help om die groeipotensiaal te bereik, is meer BRICS-deelname in en hulp aan Afrika broodnodig.

BRICS-lande kan aan die politieke front ook 'n positiewe rol speel. Hulle steun die Afrika-unie se vredesinisiatiewe om die krisisse in Afrikalande op te los. Die BRICS-lande ondersteun die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad (VNVR), Resolusie 2033, ten volle, oor die noue samewerking tussen die VN en die Afrika-unie, ter ondersteuning van Suid-Afrika se voorstel om die rol van die VN in konflikvoorkoming te versterk.

[Uit www.saiia.org.za/...z/-south-africa-s-role-in-the-BRICS-and-the-g-20-china-s-view. Toegang verkry op 14 Februarie 2015.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Doxtader, E. and Salazar, PJ. 2007. *Truth and Reconciliation in South Africa: The Fundamental Documents* (Interpak Books, Claremont)

Gilomee, H. et al. 2010 *New History*, (Tafelberg, Kaapstad)

http://www.cagle.com/tag/alliance/page/7/

http://www.sahistory.org.za/topic/black-community-programmes-bcp

http://www.treasury.gpq.gov.za/...south%20africa%position%20in%20BRICS

http://www.unisa.ac.za/news/index.php/2014/09/bikos-legacy-lives-on/

Krog, A. 2006. *Country of My Skull* (Random House, Johannesburg)

*Mail & Guardian*, 23 March 2012

Nengwekhulu, R. 1991. *The Meaning of Black Consciousness in the Struggle for Liberation in South Africa* (Herskovits Library of African Studies, Northwestern University)

*Sunday Independent*, 25 June 2000

*The Sowetan*, 9 June 2000

www.saiia.org.za/...z/-south-africa-s-role-in-the-BRICS-and-the-g-20-china-s-view

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ____________●___________________●_____________________
  __________________●________________________●__________
  ______________________●________________________

  ✓✓✓✓
  Vlak 2
  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

Kopiereg voorbehou 

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING BESLUIT OM GEMEENSKAPSGEBASEERDE PROGRAMME GEDURENDE DIE 1970's IN TE STEL

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- SASO
- SASM
- NAYO
- BPC (enige 3 x 1) (3)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Dr Ramphele was 'n SB aktivis en het mense inspireer om die filosofie/en leerstellings van SB te volg
- Dr Ramphele was 'n huisdokter van die Zanempilo-kliniek
- Sy speel 'n rol met die bewusmaking van swart Suid-Afrikaners ten opsigte van die filosofie/leerstellinge van SB
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*

- Hy het 'n aktiewe rol gespeel in die stigting van die swart gemeenskapsprogramme
- Hy speel 'n rol in die stigting van ander Swartbewussynsorganisasies
- Deur die filosofie van SB het hy die jeug inspireer om die apartheidsregering uit te daag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B - V1]*

- Om die jeug aan te moedig om onafhanklik te word
- Om waardigheid aan te moedig
- Om die gemeenskap op te hef deur middel van verskillende projekte
- Om te verseker dat swart Suid-Afrikaners mekaar help (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Zanempilo was ook 'n plek waar die gemeenskap kon ontmoet om sake te bespreek wat hulle affekteer het
- Zanempilo was ook gebruik as 'n bymekaarkomplek vir verskillende gebeurtenisse wat gevier word
- Dit het 'n vergader punt en opleidingsplek vir politieke aktiviste geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- SB organisasies was in 1977 verban (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Bemagtiging van vroue
- Hulle aangemoedig om groentetuine te begin (selfonderhoudend)
- Ekonomiese programme ( 3 x 1) (3)

1.3 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1A en 1B – V3]*
- Bron1A dui aan dat Biko wou projekte begin soos die swart gemeenskaps-programme terwyl Bron1B bevestig dat die Zanempilo-gesondheidskliniek was gestig as 'n gemeenskapsprojek vir die gemeenskap
- Bron1A dui aan dat Biko se idees later die teorieë van die filosofie van SB word terwyl Bron1B aandui dat sy idees verplaas word met die doelstellings van SB wat swart Suid-Afrikaners aangemoedig het om onafhanklik te word
- Bron1A verwys na die Zanempilo-kliniek wat 'n SB inspirerende projek buite King William's Town was terwyl Bron1B bevestig dat die Zanempilo-kliniek primêre gesondheidsdienste aan die gemeenskap buite King William's Town verskaf het
- Enige ander relevante vergelyking (enige 2 x 2) (4)

1.4.
1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Zanempilo-kliniek (1 x 1) (1)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Zanempilo was gebruik as vergaderplek
- Zanempilo was as 'n opleidingsplek vir politieke aktiviste gebruik
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Om swart Suid-Afrikaners aan te moedig om in solidariteit saam te staan
- Om swart Suid-Afrikaners aan te moedig om self onderhoudend te word
- Om swart Suid-Afrikaners van wit rassisme te bevry
- Om swart Suid-Afrikaners van kolonialisme te bevry
- Om swart Suid-Afrikaners van kapitalisme te bevry (enige 3 x 1) (3)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Die apartheid regering se polisiemag het dikwels swart Suid-Afrikaners geteister
- Die apartheid regering se polisiemag het dikwels swart Suid-Afrikaners geïntimideer
- Die apartheid regering het verbannings bevele op swart Suid-Afrikaners opgelê
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 1D – V3]*
- Die bron noem die huiwerigheid van swart Suid-Afrikaners om betrokke te raak in gemeenskapsontwikkelingsprogramme
- Die bron noem dat dit nie maklik was om sielkundige minderwaardigheid uit die weg te ruim nie
- Die bron voorsien redes van hoe die verdrukker die verdruktes verdeel het
- Die bron beklemtoon die probleme wat gepaard gaan met polisieteistering, intimidasie en verbanningsbevele
- Die bron maak melding van die vrees om na Robbeneiland gestuur te word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die filosofie van Swart Bewussyn het swart trots en selfvertroue aangemoedig (eie kennis)
- Die rol wat die BCM gespeel het met die stigting van gemeenskap baseerde programme (Bron 1A)
- Gemeenskap programme is gebruik om die gemeenskappe op te hef (Bron1B)
- Die gemeenskap programme is deur swart Suid-Afrikaners ingestel om die verarmde swart gemeenskappe op te (Bron 1B)
- Die gemeenskap programme was 'n verlengstuk van die filosofie van Swart Bewussyn wat tot binne die gemeenskappe ingesypel het (Bron 1B)
- Die gemeenskapsprogramme is gebruik om die gemeenskappe te verenig en om hulle te leer om hoe om die apartheidsregering uit te daag (eie kennis)
- Die Zanempilo-kliniek was 'n voorbeeld van 'n gemeenskapsprogram om swart Suid-Afrikaanse gemeenskappe op te hef (Bronne 1B and 1C)
- Die Zanempilo-kliniek was gebruik as 'n vergaderplek, was gebruik as bymekaarkomplek vir opleiding, bymekaarkomplek vir feesvieringe, en vir politieke opleiding (Bron 1B)
- Die gemeenskapsprogramme wou selfvertroue by swart Suid-Afrikaners inboesem (Bron 1D)
- Die gemeenskapsprogramme wou swart Suid-Afrikaners bevry van wit rassisme, kapitalisme en kolonialisme (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die Swartbewussynsbeweging besluit het om betrokke te raak by gemeenskap baseerde programme gedurende die 1970's.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom die Swartbewussynsbeweging besluit het om betrokke te raak by gemeenskap baseerde programme gedurende die 1970's.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor waarom die Swartbewussynsbeweging besluit het om betrokke te raak by gemeenskap baseerde programme gedurende die 1970's.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE PROSES VAN REPARASIES (VERGOEDING) HANTEER?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Regering was voorsien van veelvlakraamwerk vir reparasies
- Reparasies sou nie beperk wees tot geldelike kompensasie (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

- Kompensasie vir die verlies van menselewens en eiendom
- Betaling vir skade wat 'n persoon moontlik ervaar het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- 'n Struktuur wat binne die president se kantoor moes geskep word met 'n beperkte sekretariaat en vasgestelde lewensduur
- Daar moes 'n nasionale herdenkingsdag wees (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V2]*

**Kandidate kan JA of NEE aandui en hul antwoord met bewyse ondersteun**

**JA**

- 21 Maart word nou herdenk as MenseregteDag om alle slagoffers te eer wat menseregteskending in die verlede verduur het
- Dingaan-/Geloftedag was vervang met Rekonsiliasiedag – 16 Desember
- 16 Junie word herdenk as Jeugdag om alle jeug te eer wat hul lewens verloor het in die stryd vir 'n demokratiese Suid-Afrika
- 9 Augustus word herdenk as Vrouedag om eer te bring aan vroue vir rol in die stryd vir demokrasie
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NEE**

- **Kandidate moet hul antwoord ondersteun met relevante bewyse**

(enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Die media het belang gestel in die reparasieproses van die WVK
- Die slagoffers het die regering beskuldig van te stadig beweeg met die WVK-proses
- Beide die WVK en die regering het mekaar beskuldig van nie hul onderskeie mandate tot uitvoering bring nie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Hulle was slagoffers gemaak as gevolg van dit wat met hulle in die verlede gebeur het en moes toekyk hoe oortreders amnestie kry
- Slagoffers het vir twee en half jaar gewag vir 'n skamele betaling van R3 500

(1 x 1) (1)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Verenigde Volke Menseregtekomitee
- Inter-Amerikaanse Hof van Menseregte
- Europese Hof van Menseregte (3 x 1) (3)

2.2.4 *[Evaluering van bruikbaarheid uit Bron 2B – V3]*
- Die artikel verskaf 'n nuwe en holistiese siening omtrent die uitdagings wat die WVK trotseer
- Dit kyk na al die belangrike rolspelers rakende die proses van reparasies
- Dit het 'n internasionale siening verskaf op die sake van reparasies wat moontlik bruikbaar kan wees vir studente en leerlinge
- Die artikel was gepubliseer binne die tydperk waarin die regering moes reageer op die aanbevelings van die WVK
- Die informasie in die bron kan bevestig/ondersteun word deur ander uitgawes/skrywers/kommentators
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyking van perspektiewe in Bron 2A en 2B – V3]*
- Bron 2A beklemtoon 'n holistiese benadering tot die sake van reparasies deur die Suid-Afrikaanse regering terwyl Bron 2B die menings van politieke en maatskaplike kommentators gee wie se hoof fokus die geldelike kompensasie van slagoffers was
- Bron 2A bepleit 'n langtermynsiening op die proses van reparasies terwyl Bron 2B fokus op die dringende kompensasie van slagoffers wat gely het as gevolg van menseregteskending
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die Suid-Afrikaanse regering het nie aandag gegee aan die regte van slagoffers van menseregteskending nie
- Regering het nie belanggestel in die proses van reparasies nie
- Die WVK en die regering het verskil hoe die proses van reparasies hanteer moes word
- Die ANC het nie belanggestel in die proses van reparasies nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

(a)
- Die regering wys 'n houding van nie belangstelling/staar in 'n ander rigting
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)
- Die slagoffers het afgeskeep gevoel/verraai/vergeet deur die regering en het uitgeroep (gehuil) om hulp
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Reparasies vir slagoffers wat getraumatiseer is was een van die WVK se enkele grootste mislukkings (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Sooka het woedend reageer omdat sy die stelling as 'n belediging beskou vir mense wat onder apartheid gely het.
- Die kabinetsminister was nie sensitief vir die toestand van die slagoffers wat gelei het weens menseregteskending nie
- Sooka het gedink dat sommige mense in die regering teen reparasies vir slagoffers was wat gely het as gevolg van menseregteskending
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.5.3 *[Verduideliking van verskille tussen historiese konsepte deur gebruik te maak van Bron 2D en eie kennis – V2]*
- Herstellende geregtigheid fokus op genesing en rekonsiliasie terwyl vergeldend geregtigheid straf en wraak beklemtoon
- Herstellende geregtigheid kan eenheid en berou aanhelp (volle onthulling) terwyl vergeldend geregtigheid aanleiding kan gee tot groter verdeeldheid in die gemeenskap (kan verswarende informasie wegsteek en dus nie volledig onthul nie)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Die aanbevelings van die WVK het die regering in staat gestel om duidelik na die onderwerp van reparasies te kyk asook om die grondwetlike mandaat te oorweeg (Bronne 2A en 2D)
- Slagoffers en families het geldelike reparasies ontvang, maar dit was nie voldoende nie
- Die regering het programme gehou/projekte om menslike waardigheid te herstel en maatskaplike samehorigheid voort te bring (Bron 2A)
- In die meeste gevalle het slagoffers van menseregteskending voorkeur gekry rakende die toekenning en bou van HOP huise (eie kennis)
- Simbolies reparasies/opgrawing en herbegrawe van die oorskotte van slagoffers (eie kennis)
- Beurse vir kinders van militêre veterane en slagoffers van menseregteskending (eie kennis)
- Die WVK was magteloos om die regering te forseer om al sy aanbevelings uit te voer (Bron2 C). (Byvoorbeeld 'n eenmalige rykdombelasting op groot maatskappye of om die presiese bedrag vas te stel wat aan die slagoffers betaal moes word)
- Regering het die menslike aspek van reparasies afgeskeep (Bron 2C)
- Slagoffers moes lank wag vir geldelike reparasies (Bron 2B)
- Die regering het 'n groot aantal slagoffers teen 2003 nog nie betaal nie (eie kennis)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

- Geldelike kompensasie vir slagoffers was onvoldoende (Bron 2B)
- Sommige slagoffers het nooit geldelike kompensasie soos beloof gekry nie (Bron 2C en 2D)
- In sommige gevalle het die regering verskillende boodskappe aan die gemeenskap bekendgemaak dus het dit hopeloosheid onder die slagoffers meegebring (Bron 2A, 2C en 2D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die WVK met die proses van reparasies hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die WVK met die proses van reparasies hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die WVK met die proses van reparasies hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WAAROM WAS SUID-AFRIKA SE LIDMAATSKAP TOT DIE BRICS-GROEP AS OMSTREDE BESKOU?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3A – V1]*

- Suid-Afrika het versoek om lidmaatskap tot die BRICS-groep
- President Zuma het die BRICS-groep op verskeie tye besoek om te koukus vir lidmaatskap tot die BRICS-groep
- President Zuma het aangedui Suid-Afrika se ekonomieë beloop 'n derde van die sub-Sahara Bruto Binnelandse Produksie wat 'n groot voordeel vir die BRICS-groep is
- Die BRICS-groep sal toegang kry tot groot markte in sub-Sahara-Afrika (SSA)

(enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- China is die land met die digste bevolkte land in die BRICS-groep
- China het die tweede grootste ekonomie in die wêreld
- China het die grootste ekonomie in die BRICS-groep
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Suid-Afrika het 'n groot aantal ryk verbruikers
- Het die grootste energieproduksiekapasiteit in sub-Sahara-Afrika
- Is een van die grootste produsente van edelmetale (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Kritici het gevoel dat ontwikkelende ekonomieë met vinniger ekonomiese groei as Suid-Afrika moes oorweeg word om by die BRICS-groep ingesluit te word

(1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Brasilië
- Rusland
- Indië
- China
- Suid-Afrika (enige 3 x 1) (3)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse van 'n visuele bron uit Bron 3B – V2]*

- Die BRICS groep lyk gelukkig (sing, dans, glimlag, viering)
- Die BRICS groep haak mekaar in ter viering van hul politieke en ekonomiese verhoudinge
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse van 'n visuele bron uit Bron3 B – V2]*
Die woorde in die bron kan verwys na:
- Die BRICS-groep se begeerte om 'n teen werkende krag vir Westerse oorheersing van wêreldsake (eenpolige) te wees deur die stigting van 'n nuwe wêreldorde (multi-polêre)
- Die BRICS-groep samewerking om globale sekuriteit en ekonomiese stabiliteit (multi-polêre)te bevorder teenoor Westerse oorheersing van internasionale markte/ekonomieë
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- O'Neill voel dat Suid-Afrika se invloed in Afrika nie 'n goed genoeg rede is vir insluiting in die BRICS-groep
- O'Neill voel dat Suid-Afrika se invloed in die Afrika-unie besig is om te verminder, daarom moet dit uit die BRICS-groep weggelaat word
- O'Neill beklemtoon dat Nigerië se ekonomie dié van Suid-Afrika verbygesteek het en moet by die BRICS-groep ingesluit word
- O'Neill voel dat omdat Suid-Afrika se ekonomiese en politieke invloed op die Afrika-vasteland verminder het, Suid-Afrika sy groot moondheid-status verloor het daarom verdien Suid-Afrika nie om by die BRICS-groep ingesluit te word nie.
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- China
- Brasilië (2 x 1) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Suid-Afrika het 'n klein bevolking in vergelyking met ander lande in die BRICS groep
- Suid-Afrika het 'n klein Bruto Binnelandse Produksie (BBP) in vergelyking met ander lande in die BRICS groep (2 x 1) (2)

3.3.4 *[Interpretasie en analise van bewyse vanuit Bron 3C om onafhanklike gevolgtrekkings te maak – V3]*

**Kandidate moet aandui of hulle SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE en hul antwoord met relevante bewyse staaf**
**STEM SAAM**
- O'Neill is 'n wêreldbekende ekonoom en sy siening oor Suid-Afrika se insluiting in die BRICS-groep moet vertrou word
- O'Neill noem belangrike bewyse (Suid-Afrika het 'n klein bevolking, klein BBP) as redes waarom Suid-Afrika nie ingesluit moes word by die BRICS-groep nie
- Die feit dat Suid-Afrika se ekonomie nie die grootste op die kontinent is nie, is 'n geldige rede om uit die BRICS-groep weggelaat te word
- Hy noem dat Suid-Afrika se politieke invloed in Afrika verminder en daarom moet dit uit die BRICS-groep weggelaat word
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**STEM NIE SAAM NIE**

- O'Neill se redes rakende Suid-Afrika se lidmaatskap tot die BRICS-groep is slegs baseer op ekonomiese beginsels en nie op dit wat Suid-Afrika kan bydra sodat die BRICS-groep sy ekonomiese en politieke doelwitte te bereik nie
- O'Neill verwys nie na hoe Suid-Afrika as 'n lid van die BRICS-groep hulle kan ondersteun om hul markte in Suidelike-Afrika te kan uitbrei nie
- O'Neill verwys nie na hoe Suid-Afrika as 'n lid van die BRICS-groep hulle kan ondersteun om hul markte na die res van Afrika uit te brei nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Suid-Afrika kan optree as tussenganger vir die BRICS-groep deur 'n toonaangewende rol te speel met daar beleid van 'n agenda vir die ontwikkeling in Afrika
- Suid-Afrika kan optree as 'n stem vir Afrika deur middel van BRICS
- Suid-Afrika kan inspan word om meer ondersteuning vir Afrika te bekom as gevolg van haar lidmaatskap van die BRICS-groep (finansieel, ontwikkeling, internasionale aangeleenthede)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- China (1 x 1) (1)

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V3]*

**Tot 'n groot mate**

- Handel tussen Afrika en die BRICS-groep (China) het gegroei vanaf 4,6% in 1993 tot 19% in 2009
- Handel tussen Afrika en die BRICS-groep het uitgeloop in 'n handelsoorskot vir Afrika
- Handel tussen Afrika en die BRICS-groep word beraam om $400 biljoen teen 2030 te beloop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- BRICS-lande kan die Afrika-unie finansieel ondersteun sodat dit met vredespogings kan begin om krisisse in menige Afrika-lande op te los
- Die BRICS-lande kan samewerking tussen die VN en die Afrika-unie ondersteun om konflik in Afrika te verminder/onderdruk (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit die relevante Bronne – V3]*

Kandidate se antwoorde kan die volgende aspekte insluit:

- Suid-Afrika se lidmaatskap tot die BRICS-groep was met gemengde reaksies ontvang (Bron 3A)
- Sommige kritici het gevoel dat ontwikkelende ekonomieë met 'n vinniger groei as Suid-Afrika in die BRICS-groep ingesluit moes word (Bron 3A)
- Suid-Afrika is die kleinste nasie in die BRICS-groep en dit sal 'n ekonomiese en politieke uitwerking op die BRICS-groep hê (Bron 3B)
- Suid-Afrika is deur Nigerië verbygesteek as die nuwe ekonomiese krag op die Afrika-kontinent wat haar lidmaatskap tot die BRICS-groep onder verdenking bring (Bron 3C)
- Suid-Afrika se invloed in die Afrika-unie is besig om verflou wat haar supermoondheid-status in gedrang bring (Bron 3C)
- Suid-Afrika is nie deel van die top 20 ekonomieë in die wêreld nie (Bron 3C)
- Suid-Afrika het 'n baie klein Bruto Binnelandse Produk (BBP) wat die BRICS-lande nadelig raak (Bron3C)
- Suid-Afrika se ekonomiese groeikoers is stadig en daarom kwalifiseer dit nie om deel van die BRICS-groep te wees nie (Bron 3C)
- Suid-Afrika wys geen tekens dat dit een van die grootste ekonomieë in die wêreld kan word nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS groep as omstrede beskou word.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS groep as omstrede beskou word.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor waarom Suid-Afrika se lidmaatskap van die BRICS groep as omstrede beskou word.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan. konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet hul gedagterigting staaf met relevante bewyse. Hulle behoort te fokus op die strategieë wat PW Botha gebruik het om apartheid te verander en te hervorm en hoe dit aanleiding gegee het tot 'n toename in interne weerstand. Dit was 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis gedurende die 1980's. Hulle moet die aard van die weerstand bespreek wat die verskillende anti-apartheidsorganisasies onderneem het en hoe dit gedurende die 1980's gehandhaaf is.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagte rigting staaf.

UITBREIDING

- Botha stel die driekamerparlement in 1983 in om verandering mee te bring
- Die UDF word gestig in response tot die driekamerparlement
- Die UDF begin die 'Don't Vote Campaign' (Kleurlinge en Indiërs was ontmoedig om vir die driekamerparlement te stem); 'Million Signature' Veldtog ('n Petisie teen Apartheid)
- Interne weerstand teen die apartheidsregime het toegeneem deur middel van protes, bv. losbars van geweld in die Vaaldriehoek
- Die Vaal Civics Association organiseer huurboikotte (Polisie arresteer die gemeenskapsleiers; Vaal-townships ontplof in geweld; stadsraadslede was vermoor; skoolboikotte)
- Die regering kondig agtereenvolgende noodtoestande in 1985 en 1986 af om teenkanting teen apartheid te stop, maar die taktiek is nie suksesvol nie.
- Die rol van die Werkersunies (Die stigting van COSATU was 'n keerpunt in die stryd vir vryheid en demokrasie; die African Food Canning Workers Union kondig die eerste nasionale staking aan)
- Die stakings se mikpunt was die verbetering van werksomstandighede van werkers wat politieke regte insluit
- Onderwysveldtogte geloods deur die Education Crisis Committee; COSAS en NUSAS begin die Education Charter Campaign wat aandring op beter onderwys
- Die rol van die End Conscription Campaign (Blanke mans het verpligte militêre diens tot die weermag teengestaan; menige blanke soldate het gevoel dat dit verkeerd was om township-opstande te onderdruk)
- Die End Conscription Campaign begin met die 'Troops out of Townships'-veldtog; jong blanke mans het geweier om diensplig in die leër te doen
- Die rol van Black Sash (hulle het Apartheid teengestaan, verskaf humanitêre hulp aan slagoffers van Apartheid)

- Verbruikers boikotte speel 'n belangrike rol in die stryd teen die Apartheid regime (Dit het die ekonomie affekteer; verswakte ekonomie het 'n negatiewe uitwerking op die wit Suid-Afrikaanse kapitaliste)
- Rol van die Mass Democratic Movement (MDM was 'n breë weerstand beweging teen Apartheid)
- Teen die einde 1989 het Suid-Afrika onregeerbaar geword en die apartheidsregering was geforseer om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.

**[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan. konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui tot watter mate die proses van onderhandeling die weg gebaan het vir Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994. Hulle moet wys hoe die verskillende organisasies, hoofsaaklik die ANC en NP, vasberadenheid getoon het om verandering deur onderhandelbare skikking teweeg te bring.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en wys tot watter mate die proses van onderhandeling die weg gebaan het vir Suid-Afrika se eerste demokraties verkiesing.

UITBREIDING
- De Klerk neem die mag oor in 1989 – agtergrond
- De Klerk se 2 Februarie1990-toespraak in die parlement – 'n keerpunt vir Suid-Afrika
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- De Klerk se besluit om vir Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vry te laat wat die weg gebaan het vir onderhandelinge
- Groote Schuur-minuut –2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet om te praat)
- Pretoria-minuut – 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te hef)
- KODESA 1 (19 politieke partye uitsluitend AZAPO, KP en PAC)
- Deklarasie van Voorneme geteken met die hoop dat dit Suid-Afrika sal verenig, onafhanklike regstelsel, grondwet, veelparty demokrasie
- Geweld het uitgebreek in dele van die land soos aan die Rand en Natal
- Slegs Blanke referendum (Maart 1992) om ondersteuning vir onderhandeling te toets
- KODESA 2 (2 Mei 1992) misluk. Partye kon nie saamstem oor 'n nuwe grondwetlike liggaam en tussentydse grondwet nie
- NP wou minderheid veto hê terwyl die ANC nie 'n tussentydse regering vir langer as 18 maande wou hê nie asook gewone meerderheidsregering
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)
- Bisho-slagting het die proses van onderhandeling ontspoor (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding geteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- Sluipmoord van Chris Hani (10 April 1993) en die impak op Suid-Afrika
- Veelparty-onderhandelingsforum ontmoet by die Wêreldhandelsentrum en bereik konsensus oor die proses van onderhandeling
- Verregse (AWB) se aanval op die Wêreldhandelsentrum en die gevolge
- Oorgangsklousule voorgestel deur Joe Slovo het die onderhandelings dooie punt gebreek

- Verkiesingsdatum vasgestel vir 27 April 1994
- ANC wen die verkiesing en Mandela word die eerste swart president van Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting

**[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan. konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe die ineenstorting van die Berlynse Muur verantwoordelik was vir politieke verandering in Suid-Afrika na 1989. Hulle moet argumenteer of die ineenstorting die weg gebaan het vir onderhandeling tussen die Nasionale Party en die African National Congress. Hulle moet standpunt inneem en hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aantoon hoe die val van die Sowjetunie verandering in Suid-Afrika beïnvloed het. Hulle moet 'n gedagterigting volg en antwoorde met relevante bewyse ondersteun.

UITBREIDING
- Rol van Gorbatsjof en sy beleid van Perestroika en Glasnost
- Teen die einde van1989 was die Sowjetunie besig om te disintegreer
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa het verbrokkel
- Die Berlynse Muur het in 1989 ineengestort
- Verandering in die wêreld het bygedra tot die einde van apartheid (kommunisme was nie meer 'n bedreiging nie)
- Die val van die USSR het die ANC ontsê van sy belangrikste ekonomiese en militêre ondersteuning
- Sosialisme was nie meer 'n ernstige opsie vir die ANC nie
- Die Nasionale Party se aansprake dat dit Suid-Afrika beskerm teen die kommunistiese aanslag was nie meer realisties nie
- Westerse moondhede het die beweging dat Suid-Afrika sy eie probleme vreedsaam en demokraties oplos ondersteun
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie wit oorheersing onbepaald in Suid-Afrika kan handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die behoeftes van blanke kapitaal nie
- Daar was geen twyfel dat die volgehoue onderdrukking van swart mense nie politieke stabiliteit sou verseker nie
- Die regering het begin glo dat hervorming vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas nodig was as teenvoeter teen 'n revolusie
- Die veiligheidsmagte en noodtoestande het nie die township-opstande gekeer nie
- Teen die laat 1980's was Suid-Afrika se ekonomie in 'n depressie gedompel
- P W Botha het 'n beroerte-aanval gekry en is deur F W De Klerk opgevolg
- F W De Klerk het begin aanvaar dat die stryd teen apartheid nie 'n komplot onder die leierskap van Moskou was nie

- Dt het De Klerk in staat gestel om met samesprekings met die bevrydingsorganisasies te begin
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ''n nuwe en regverdige grondwetlike bestel aangekondig'
- Enige ander relevante antwoord

- Slot:: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting

**[50]**

**TOTAAL: 150**